

## HOOFSTUK 2: Riglyne vir die administrasie van 'n Bonsmara-kudde

Mev. Helmien Haddad

### 1. TOERUSTING BENODIG

- 1.1. 'n Trekskaal (hangskaal) vir die weeg van kalwers vir geboortegewig.
- 1.2. 'n Verskuifbare elektroniese skaal vir die neem van prestasietoetsgewigte en ander gewigte.
- 1.3. Tatoeëertange, merktang en onthoringbout.

### 2. REKENAARTOERUSTING EN SAGTEWARE

- 2.1. 'n Staanrekenaar of skootrekenaar sal voldoen.
- 2.2. 'n Bestuursagwareprogram. Daar is verskeie programme op die mark, maar BenguFarm (BeefPro) word aanbeveel. U kan die program en alle nodige inligting oor die program verkry vanaf 'n SA Stamboek-, LNR- of 'n BeefPro-agent, of die webtuiste [www.beefpro.net](http://www.beefpro.net).
- 2.3. Internetkonneksie.
- 2.4. Opleiding is beskikbaar vir die gebruik van hierdie programme en daar word aanbeveel dat u 'n kursus bywoon.
- 2.5. Daar is ook professionele persone beskikbaar wat u administrasie namens u kan behartig teen 'n fooi.

### 3. DIE ADMINISTRASIEPROSES

#### 3.1. MAAK KONTAK MET DIE MENTOR WAT DEUR DIE GENOOTSKAP VIR U AANGESTEL IS!

- 3.1.1. Hierdie persoon of enige ander Bonsmara-teler wat bereid is om te help, is van onskatbare waarde.

#### 3.2. IDENTIFISERING VAN OPGRADERINGSDIERE EN OF DIE INKOOP VAN STOETDIERE

- 3.2.1. Kontak die Bonsmara Genootskap by 051 448 6084 of besoek die Bonsmara-webblad [www.bonsmara.co.za](http://www.bonsmara.co.za), om die nodige aansoekvorms om as Bonsmara-teler te registreer te bekom, asook inligting te verkry oor die korrekte prosedure vir die roete wat u wil volg. U moet ook aansluit by 'n Bonsmara Klub in u geografiese area; inligting sal deur die Genootskap aan u voorsien word.
- 3.2.2. Indien u besluit op die opgraderingsroete (suiwergeteelde, kommersiële Bonsmara vroulike diere wat u wil laat opgradeer), sal die Genootskap twee Bonsmara-keurders na u toe stuur wat die keuring sal doen en wat die nodige dokumentasie aan die Genootskap sal stuur.
- 3.2.3. Duidelike identifikasie van hierdie diere is nodig wat met die keuringsdokument moet ooreenstem.
- 3.2.4. Hierdie diere sal dan by SA Stamboek in u naam geregistreer word.
- 3.2.5. Indien u besluit om stoet Bonsmara vroulike diere in te koop, sal hierdie diere deur SA Stamboek na u lidmaatskap oorgedra word sodra u die nodige aansoek voltooi het.

#### 3.3. DIE REGISTRASIE VAN U LIDMAATSKAP EN DIERE

- 3.3.1. Die registrasie van u lidmaatskap en u diere vind plaas by Bonsmara SA sowel as by SA Stamboek.
- 3.3.2. Kontak SA Stamboek by 051 4100 917 om te registreer as 'n direkte handeling- (elektroniese) gebruiker, indien u oor 'n internetkonneksie beskik. U kan ook direk op die internet registreer deur die elektroniese vorm te voltooi by [www.logix.org.za](http://www.logix.org.za).
- 3.3.3. U ontvang dan 'n gebruikersnaam en toegangskode wat u toegang tot u kudde op die aanlyn funksie, Logix, van SA Stamboek gee.
- 3.3.4. Deur die webtuiste [www.logix.org.za](http://www.logix.org.za) verkry u toegang tot u kudde soos wat dit in die amptelike databasis van SA Stamboek voorkom.
- 3.3.5. Indien u nie oor 'n internetkonneksie beskik nie, is daar ook 'n papier-opsie vir al die aksies beskikbaar. Besonderhede is by Bonsmara SA verkrygbaar.

### 3.4. DIE SKEP VAN DIE KUDDE OP DIE BESTUURSPROGRAM

- 3.4.1. Nadat die nodige stappe geneem is om al die registrasies in plek te kry, is die eerste stap om die diere wat amptelik in u kudde is in te trek na u bestuursprogram.
- 3.4.2. Dit word aanlyn gedoen vanuit BenguFarm (BeefPro), direk uit Logix.
- 3.4.3. **Uit u BenguFarm (BeefPro) trek u dan die amptelike kuddelys, neem dit na die kraal en maak seker dat die diere op die lys se identifikasienommers ooreenstem met dié op die lys.**

### 3.5. DEKSEISOENE EN DEKLYSTE

- 3.5.1. Dit is baie belangrik om te onthou dat u slegs goedgekeurde SP Bonsmara-bulle op u stoetdiere mag gebruik.
- 3.5.2. Indien u opgraderingsdiere reeds dragtig is wanneer hulle gekeur word, kan die kalwers slegs in die Stamboekregister opgeneem word indien u die vader van die kalwers as 'n SP Bonsmara-bul kan identifiseer. Indien u wel so 'n bul gebruik het en die kalwers wil registreer, kan u die vaderskap bepaal deur DNS-toetsing op die diere te laat doen; as die uitslag bekendgemaak word, sal die kalwers aangeteken word.
- 3.5.3. Indien nie, kan die kalwers as kommersiële kalwers op die stelsel geregistreer word slegs vir die moeder se kalfrekord. Die vroulike nageslag mag met 'n volgende keuring aangebied word om as basis-(FO)-diere gekeur te word.
- 3.5.4. Die meeste stoetskuddes word met twee dekseisoene bestuur. Dit beteken dat daardie bulle slegs vir 'n periode van 90 dae tussen die koeie en verse is. Daar is 'n winter- en 'n somerdekseisoen. Presies wanneer hierdie seisoene is, sal afhang van die omgewing waarin u boer. U kan ook besluit om slegs van 'n somerdekseisoen gebruik te maak.
- 3.5.5. U beskik ook oor die keuse van enkelbulparings, waar 25-35 vroulike diere in 'n enkele trop by slegs een bul gepaar word. Die voordeel is dat u slegs die bul se sterthare hoef te trek, in 'n Lidcat-koevert (beskikbaar by die Genootskap) te plaas en aan die Genootskap te stuur. U deklyste moet suiwer/korrek wees vir elke dekgroep (bul ID nr., datum in en datum uit). U kalwers sal slegs op grond van hierdie inligting aangeteken word.
- 3.5.6. Die ander opsie is om meer bulparings te doen, waar 3-4 bulle by 'n groter trop ( $\pm 120$ ) vroulike diere gepaar word. Die voordeel is dat u minder kampe gedurende die dekseisoen nodig het en die kans dat u kalwers verloor weens 'n bul wat u in die steek laat, is kleiner. U kalwers word as "pending" aangeteken en slegs nadat die DNS-uitslae gedoen is, word die vaderskappe aangeteken en moeders bevestig. Dit behels dat u biologiese monsters (sterthare) van elke vroulike dier (dit is slegs eenmalig) en elke bul wat u gebruik na 'n laboratorium (soos UNISTEL) moet stuur om die ouerskap van die kalf (waarvan ook 'n monster gestuur moet word) te bepaal.
- 3.5.7. **Kies u dekseisoen. Besluit op u paringsopsies. Identifiseer u koeie en bulle en paar die diere vir die 90 dae. Maak seker dat u duidelik rekord hou van die vroulike diere en bul(le) in elke trop. Kontroleer die deklyste by 'n latere geleentheid en nadat die diere bevestig is, word dit vasgelê in BenguFarm (BeefPro) en elektronies na SA Stamboek gestuur.**

### 3.6. KALFSEISOEN

- 3.6.1. U is opgewonde en vol verwagting want die koeie begin kalf.
- 3.6.2. Soos wat die koeie grootuier begin raak, is dit raadsaam om die koeie nader aan die huis, drukgang en skaal te bring. Dit maak die bestuur soveel makliker.
- 3.6.3. Maak seker dat u of u bestuurder elke dag by hierdie diere kan uitkom.
- 3.6.4. Kalfaantekening
  - 3.6.4.1. Druk vir uself 'n lys uit BeefPro van vroulike diere wat hierdie seisoen moet kalf.
  - 3.6.4.2. Maak gebruik van 'n kalfaantekeningboekie (Arthur, SA Stamboek en LNR druk sulke boekies). Aangeheg is 'n voorbeeld van ons eie boekie. Dit is opgestel in die presiese volgorde wat nodig is om die data in BeefPro vas te lê.
  - 3.6.4.3. Eerstens word die moeder van die kalf aangeteken. Maak seker dat die koei/vers op u lys is. Indien nie, lees u dalk die nommer verkeerd of u deklyste is nie suiwer nie. Trek die koei se nommer dood op die lys en voorkom só dat u dalk weer op 'n nommerfout vir die koei 'n kalf aanteken.
  - 3.6.4.4. Wanneer u registreer, word daar aan u 'n kuddekenmerk en voorvoegsel toegeken. Hierdie vorm saam met die jaar en volgnummer deel van die identifikasienommer van die kalf.
  - 3.6.4.5. Die eerste kalf wat die betrokke jaar gebore word, is dus bv. kuddekenmerk, jaar en volgnummer, dus sal 2013 se eerste kalf se ID nr. soos volg wees: U kuddekenmerk, gevolg deur 13 0001 bv. ABC130001. Let daarop dat u die kalf as "1" in u kalfboekie aanteken, die addisionele "000" is slegs om die formaat van die ID nr. op te maak.
  - 3.6.4.6. U het die moeder se ID nr. aangeteken; die kalf is dus nou nommer 1. Teken kalwers kronologies aan; dit vergemaklik die vaslê van die data in u BenguFarm (BeefPro) program.

- 3.6.4.7. Teken die kalf se geboortedatum, geboortegewig en die geslag van die kalf aan.
- 3.6.4.8. Indien u die kalwers reeds by geboorte onthoring, teken die horingstatus van die kalf aan. Poenskopdiere se status word by inspeksie bevestig, so op die inspeksievorm aangeteken en dan as sulks op die stelsel aangeteken.
- 3.6.4.9. Daar is ook spasie vir die status van die kalf, asook opmerkings oor die kalf en die moeder.
- 3.6.4.10. Indien die kalf doodgebore of dood is na geboorte, moet u die kalf ook aanteken (ken volgnummer toe soos normaalweg) met die nodige opmerkings dat die kalf dood is. Die kalf word nog steeds aangeteken vir die moeder se kalfrekord.
- 3.6.4.11. Nou word die kalf gemerk. Die nodige oorknippe en tatoeëermerk vir die nommer word aangebring. U kan die kalwers nou tatoeër indien u probleme met diefstal ondervind. **LW Kalwers moet getatoeër wees voor inspeksie.**
- 3.6.4.12. Die neem van 'n gewig van die koei by geboorte is nie verpligtend nie, maar indien u oor die fasiliteit beskik, is dit 'n goeie gewig om te neem. Dit stel u in staat om die geboortemassaverhouding van die kalf tot die koei te bepaal. Die gewig moet binne 3 dae geneem word en dus kan u 'n paar koeie saam weeg, bv. 2 maal per week.
- 3.6.4.13. Indien u seker is van die geboortes soos aangeteken, word dit op BenguFarm (BeefPro) vasgelê en elektronies aan SA Stamboek gestuur.
- 3.6.4.14. U kan wag tot aan die einde van die kalfseisoen voordat u die data na SA Stamboek instuur om seker te maak dat u nie foute gemaak het nie. Vergewis u egter van die tydsduur voordat u 'n laat registrasiefooi moet betaal.
- 3.6.4.15. Nadat u die geboortekennisgewings van die kalwers aan SA Stamboek gestuur het, ontvang u 'n elektroniese lêer terug met die kalf se rekenaarnommer. In sekere gevalle gaan SA Stamboek 'n foutelys aan u stuur indien daar 'n probleem bestaan. Maak seker dat u hierdie foute regstel.
- 3.6.4.16. Trek die kalwers se rekenaarnommers in op BenguFarm (BeefPro) en druk 'n kontrolelys om seker te maak dat elke kalf op die stelsel aangeteken is. Indien nie, moet u dadelik navraag doen en die probleem regstel, sodat die kalf 'n rekenaar nommer ontvang.
- 3.6.4.17. Indien u van 'n meerbulparingstelsel gebruik maak, moet u die biologiese materiaal van die kalwers versamel, duidelik merk en aan die betrokke laboratorium stuur. Die uitslae van die vaderskappe sal direk aan SA Stamboek voorsien word (deur Unistel) en u kalwers sal dus met die korrekte vaars aangeteken word. Maak seker dat u die kalwers se vaars en afdelings korrek in BenguFarm (BeefPro) aangeteken het.

### **3.6.5. DEKKING VAN HIERDIE KOEIE**

- 3.6.5.1. Sodra die kalfseisoen afgehandel is, moet hierdie koeie weer gedek word.
- 3.6.5.2. Bepaal die hoeveelheid bulle wat u benodig.
- 3.6.5.3. Laat die bulle deur 'n veearts evalueer vir teeltgeskiktheid.
- 3.6.5.4. U werk dan u parings (genotopies en fenotopies) uit en die koeie word saam met die kalwers geklas in die verskillende dekgroepe.
- 3.6.5.5. Trek en lidcat/bêre die hare van al die bulle gebruik.
- 3.6.5.6. Teken die dekgroepe aan.

### **3.6.6. PRESTASIE TOETSING**

- 3.6.6.1. Prestasietoetsing bestaan uit die volgende fases: 'n voorspeen- en naspeentoets (voorspeentoets sluit in gewigte op 100 dae en speen op 205 dae). Beide vers en bulkalwers word hieraan onderwerp. Naspeentoetse sluit evaluasie op 12 maande en 18 maande in. Dit is verpligtend vir verse om aan een of beide van die evaluasies onderwerp te word.
- 3.6.6.2. Vir naspeense evaluasie vir bulle kan een van die volgende opsies geneem word: Naspeentoetse waar die bulle op die veld loop met normale lekkes en geweeg word op 12 en 18 maande ouderdom. Groeitoets, waar die bulle aan een van verskeie tipes groeitoetse onderwerp word, bv. 'n ekstensiewe toets, met of sonder byvoeding op die veld. Die toets kan ook semi-intensief wees deur die bulle in 'n korter toets byvoer te maak. Hierdie toets se lengte wissel en kan van 84 dae tot 140 dae wees. Die diere word elke twee weke geweeg. Die toets word deur 'n veldbeampte van SA Stamboek afgesluit, waar die amptelike toets eindmassa en liggaamsmates soos hoogte, lengte, veldikte en skrotumomvang gemeet word. Amptelike data word vir hierdie diere ontvang. Die minimum aantal diere vir 'n Fase D is 10. Fase C is dieselfde as groeitoetse, met die verskil dat dit by 'n amptelike Fase C toetsstasie moet geskied. Die eienaar stuur dus sy bul/bulle na een van die stasies. Dit is 'n intensiewe groeitoets waar die bul se voerinname ook gemeet word.

### 3.6.6.2.1. VOORSPEEN (100 dae) WEGING VAN KALWERS

- 3.6.6.2.1.1. Hierdie weging is nie verpligtend in die prestasie -evaluasia nie, maar dit word aanbeveel.
- 3.6.6.2.1.2. Indien u die vroegspeen-praktyk wil volg, is hierdie weging verpligtend.
- 3.6.6.2.1.3. U koeie en kalwers is gedurende hierdie tyd nog in dektroppe.
- 3.6.6.2.1.4. Dit is die ideale geleentheid om die kalwers te weeg, seker te maak van die geslagte van die kalwers en om u deklyste na te gaan.
- 3.6.6.2.1.5. Weeglyste word gedruk in BenguFarm (BeefPro) en die kalwers se gewigte word aangeteken.
- 3.6.6.2.1.6. Die korrekte aangesuiwerde deklyste word in BenguFarm (BeefPro) vasgelê en direk aan SA Stamboek gestuur.
- 3.6.6.2.1.7. Die kalwers se geslagte word aangepas indien daar 'n fout was en eers by Stamboek reggestel voordat die gewigte in BenguFarm (BeefPro) vasgelê word. Dan word die gewigte direk aan SA Stamboek gestuur.
- 3.6.6.2.1.8. SA Stamboek verwerk die gewigte en u ontvang 'n elektroniese lêer terug met die diere se amptelike voorspeen-indeks.
- 3.6.6.2.1.9. Trek hierdie data in op BenguFarm (BeefPro) of via "Logix Direct" in u BenguFarm (BeefPro) pakket.

### 3.6.6.2.2. DIE EINDE VAN DIE DEKSEISOEN

- 3.6.6.2.2.1. Onthou dat u dekseisoen 90 dae na aanvang eindig.
- 3.6.6.2.2.2. Haal die bulle uit die dektroppe uit.

### 3.6.6.2.3. SPEEN (205 dae) WEGING VAN KALWERS

- 3.6.6.2.3.1. **Die neem van die 205 dae gewigte van kalwers is verpligtend.**
- 3.6.6.2.3.2. **Die neem van die koeigewig op 205 dae van die kalf is nie verpligtend nie, maar dit word **STERK** aanbeveel. Hierdie gewig word gebruik in die berekening van die speenkalf se massa in verhouding tot die koeimassa.**
- 3.6.6.2.3.3. Druk 'n weeglys uit BenguFarm (BeefPro). Die lys maak voorsiening vir die neem van die moeder se massa in koei-volgorde.
- 3.6.6.2.3.4. Dit is ook 'n goeie geleentheid om die dragtigheidsondersoeke op u koeie te doen.
- 3.6.6.2.3.5. Neem die gewigte en maak seker van die kalwers se geslagte.
- 3.6.6.2.3.6. Neem die gewigte van die koeie.
- 3.6.6.2.3.7. Doen eers alle geslagsveranderings deur SA Stamboek.
- 3.6.6.2.3.8. Lê die gewigte vas op BenguFarm (BeefPro) en stuur aan SA Stamboek via "Logix Direct".
- 3.6.6.2.3.9. Ontvang u amptelike indekse terug en trek in op BenguFarm (BeefPro) via "Logix Direct".
- 3.6.6.2.3.10. Hierdie is ook 'n goeie geleentheid om u kalwers te ent vir die standaard milt-, lam- en sponssiekte. U verskalwers moet ook voor die ouderdom van 8 maande Stam 19/RB51 gespuit word en hierdie is dus 'n goeie ouderdom. Ent ook die kalwers nou voordat u hulle fisies speen teen respiratoriese siektes wat veral voorkom met die speenskok.
- 3.6.6.2.3.11. U koeie kan ook terselfdertyd hulle jaarlikse milt-, lam- en sponssiekte-entings ontvang. Vier vlieë met een klap.
- 3.6.6.2.3.12. Indien u dragtigheidstoetse op die koeie gedoen het, lê die dragtigheidsstatus van die diere vas op BenguFarm (BeefPro).
- 3.6.6.2.3.13. Neem u besluit oor die niedragtige diere en indien u die diere behou, moet hierdie diere nou saam met die volgende dekseisoen se diere gepaar word.

### 3.6.6.2.4. DIE KLAS VAN SPEENKALWERS

- 3.6.6.2.4.1. Hierdie aksie vind plaas op fenotipe en genotipe.
- 3.6.6.2.4.2. Eerstens word alle kalwers met 'n amptelike speen-indeks van onder 90 uitgeskot. Onthou om alle diere wat u uitskot te kanselleer.
- 3.6.6.2.4.3. Tweedens moet u die hoeveelheid vervangings wat u benodig, bepaal, en dan die res van die verskalwers evalueer en die hoeveelheid wat u benodig, behou.
- 3.6.6.2.4.4. Derdens moet u bepaal aan watter toets u die bulkalwers gaan onderwerp: gewone naspeentoets, of groeitoets. Tref die nodige reëlins indien u die diere by 'n sentrale toetsstasie wil laat evalueer.
- 3.6.6.2.4.5. Uit 'n opgraderingstelsel moet u die A generasie bulkalwers (kalwers uit FO koeie) uitskot. Slegs B en SP generasie bulle kan gekeur en verkoop word.
- 3.6.6.2.4.6. Speen die kalwers fisies van hul moeders. Verkoop alle uitskotkalwers.
- 3.6.6.2.4.7. Begin die aanpassingsfase van die groeitoets sodra die kalwers van hulle moeders vergeet het. Skei die vers- en die bulkalwers indien u besluit om die bulle aan 'n naspeentoets te onderwerp.

### 3.6.6.2.5. DIE KLAS VAN KOEIE

- 3.6.6.2.5.1. Sodra u die amptelike speen-indekse van u kalwers ontvang het, kan u 'n verslag in BenguFarm (BeefPro) genereer waarop u koeie geëvalueer kan word.
- 3.6.6.2.5.2. Koeie wat swak produseer, swak reproduseer, of 'n swak bouvorm het, word geïdentifiseer en uitgeskot.
- 3.6.6.2.5.3. Hierdie diere moet op u stelsel gekanselleer word en via "Logix Direct" aan SA Stamboek gestuur word.

### 3.6.6.2.6. NASPEEN – VERSE

- 3.6.6.2.6.1. Op die ouderdom van 12 maande word die verse geweeg om 'n jaar (365 dae) indeks te bepaal.
- 3.6.6.2.6.2. Druk 'n weeglys in BenguFarm (BeefPro).
- 3.6.6.2.6.3. Neem die gewigte, lê dit vas in BenguFarm (BeefPro), stuur data elektronies en ontvang amptelike indekse terug.
- 3.6.6.2.6.4. Trek kontrolelys in BenguFarm (BeefPro) om seker te maak al die verse het amptelike indekse.
- 3.6.6.2.6.5. Op die ouderdom van 18 maande word die verse geweeg om 'n 18-maande (504 dae) -indeks te bepaal.
- 3.6.6.2.6.6. Herhaal die stappe soos vir jaar-weging.
- 3.6.6.2.6.7. Die verse word voorgejaag vir die jaarlikse inspeksie. Die verse moet 'n speen-indeks en 'n 12-maande- en/of 18-maande-indeks hê om gekeur te kan word.
- 3.6.6.2.6.8. Vroulike diere (verse) word slegs een keer per jaar gekeur en vorm deel van die jaarlikse inspeksies wat deur die Klub in u gebied gereël word. Vorms vir die aanvra van so 'n keuring word deur die Genootskap aan u gestuur aan die begin van elke jaar.
- 3.6.6.2.6.9. Vergewis u asseblief van die vereistes vir 'n keuring:
  - 3.6.6.2.6.9.1. U diere se identifikasie moet duidelik wees.
  - 3.6.6.2.6.9.2. Die diere moet oor **amptelike** indekse beskik.
  - 3.6.6.2.6.9.3. Die nodige inspeksievorms moet aan die keurders voorsien word.
  - 3.6.6.2.6.9.4. U hanteringsfasiliteite moet voldoende wees sodat die diere een vir een geëvalueer kan word.
  - 3.6.6.2.6.9.5. 'n Kopklamp moet beskikbaar wees sodat die tatoeëermerke nagegaan kan word.
  - 3.6.6.2.6.9.6. Poenadiere moet aan die inspekteurs uitgewys word en nadat die keurders die status bevestig het, word dit so op die inspeksievorm aangeteken.
- 3.6.6.2.6.10. Die uitslag van die inspeksie word in BenguFarm (BeefPro) vasgelê. Afgekeurde diere word slegs van u stelsel afgehaal en nie deur u gekanselleer nie. SA Stamboek kanselleer outomaties afgekeurde diere.

### 3.6.6.2.7. NASPEEN – Bulle

- 3.6.6.2.7.1. Presies dieselfde stappe word gevolg vir die bulle as vir die verse.
- 3.6.6.2.7.2. Die enigste verskil is dat u 'n amptelike keuring vir die bulle van die Genootskap moet aanvra sodra die bulle se 12- en 18-maande-evaluasies afgehandel is. Bulle benodig 3 indekse vir keuring.
- 3.6.6.2.7.3. Hierdie keuring moet twee weke vooraf by die Genootskap aangevra word.
- 3.6.6.2.7.4. Die keurders word deur die Genootskap aangestel en die keuring word gedoen.

### 3.6.6.2.8. GROEITOETSE – Bulle

- 3.6.6.2.8.1. Nadat die diere geïdentifiseer is en fisies van die moeders gespeen is, word hulle ingebring na waar u die toets wil doen.
- 3.6.6.2.8.2. Die bulle begin dan met 'n drie-weke-aanpassing op die rantsoen of byvoeding waarop u hulle wil toets.
- 3.6.6.2.8.3. Die bulle word geweeg op die eerste dag van hierdie aanpassing.
- 3.6.6.2.8.4. Weeglys word in BenguFarm (BeefPro) gedruk.
- 3.6.6.2.8.5. Maak seker van die identifikasienommers van die bulle en die geslagte van die diere op u stelsel.
- 3.6.6.2.8.6. Na die drie-weke-aanpassing word die toets begin. Die diere word dan elke twee weke geweeg.

- 3.6.6.2.8.7. Hierdie toets word in samewerking met 'n Veldbeampte van SA Stamboek begin. Kontak SA Stamboek en vind uit wie die beampte in u area is. Die beampte sal u ook kan bystaan met die prosedure.
- 3.6.6.2.8.8. Die minimum aantal bulle wat die toets eindig, is 10. Indien u 'n groot groep bulle het, word hulle in twee of meer toetse gedeel op grond van ouderdom en/of tipe.
- 3.6.6.2.8.9. Die besonderhede van die groeitoets word aan u Stamboekbeampte deurgegee. Dit is raadsaam om eers met hom kontak te maak om 'n geskikte datum te vind op sy roetebeplanning.
- 3.6.6.2.8.10. U moet 'n afsluitdatum vir die afsluiting in oorleg met die Stamboekbeampte reël en bevestig voordat die toets kan afsluit.
- 3.6.6.2.8.11. Die dag voor die afsluiting moet u weer die bulle weeg.
- 3.6.6.2.8.12. Die dag van die afsluiting sal die beampte die bulle weer weeg en die skrotum-, veldikte-, hoogte- en lengtemates van die bulle neem.
- 3.6.6.2.8.13. Die beampte sluit dan die toets af en doen die nodige administrasie. U ontvang dan amptelike indekse vir hierdie diere vanaf SA Stamboek.
- 3.6.6.2.8.14. Sodra u die amptelike data ontvang het, kan u aansoek doen by die Genootskap vir 'n keuring van hierdie diere.
- 3.6.6.2.8.15. Die Genootskap stel die keurders aan en die inspeksie word afgehandel.
- 3.6.6.2.8.16. Dieselfde vereistes van 'n inspeksie geld as vir verse.
- 3.6.6.2.8.17. **Alle afgekeurde bulle moet geslag of gekastreer word en mag onder geen omstandighede as 'n teeldier verkoop word nie.**
- 3.6.6.2.8.18. Die gekeurde bulle word op die regterskouer met die "B"-brandmerk gebrand. Die brandyster word deur die Genootskap aan u voorsien. U mag die goedgekeurde bulle verkoop.

#### 3.6.6.2.9. SENTRALE GROEITOETS – Bulle

- 3.6.6.2.9.1. Maak kontak met 'n privaat toetsentrum of 'n LNR toetsstasie in u omgewing.
- 3.6.6.2.9.2. Vergewis u van die innamedatums van die sentrum en die gewigsvereistes vir die diere. Neem ook kennis van die kostes daaraan verbonde.
- 3.6.6.2.9.3. Maak seker van u diere se identifikasienommers en reël die vervoer van die diere na die stasie.
- 3.6.6.2.9.4. Die toetsstasies doen al die administrasie van die toets, die afsluiting en die reël van die amptelike keuring.
- 3.6.6.2.9.5. Die afgekeurde diere moet soos by die groeitoetse behandel word; so ook die gekeurde diere.

#### 3.6.7. BEMARKING VAN BULLE EN VROULIKE DIERE

- 3.6.7.1. U kan by 'n bestaande groep in u omgewing aansluit indien hulle u kan akkommodeer. Maak seker dat u dieselfde siening deel rondom teling as die groep waarby u wil aansluit. Die groepe bied u 'n bemarkingsarm vir u bulle sowel as vroulike diere.
- 3.6.7.2. In sekere Klubgebiede word Klubveilings aangebied, waar u as lid van die Klub u diere kan bemark.
- 3.6.7.3. Daar word jaarliks 'n Nasionale Bonsmara Veiling aangebied, waar lede van die Genootskap diere mag bemark. Die in skrywings is egter beperk.
- 3.6.7.4. In sekere gebiede is daar alle-ras-veilings waarby u kan bemark.
- 3.6.7.5. U kan u eie produksieveiling van stapel stuur. U kan by ouer telers kers opsteek oor hierdie aspek.
- 3.6.7.6. **ALLE BONSMARAS WAT OP ENIGE VEILING AS STOETDIERE AANGEBIED WORD, MOET AAN 'N AMPTELIKE "KYKWEER" ONDERWERP WORD. KONTAK DIE GENOOTSKAP WANNEER U DIERE INSKRYF VIR 'N VEILING.**
- 3.6.7.7. **Indien u diere wil uitvoer, is hulle onderhewig aan die toestemming van die Genootskap, wat dan die data sal kontroleer en reël dat die diere deur inspekteurs aan 'n "kykweer" onderwerp sal word. Dit geld ook vir kommersiële Bonsmaras.**